J.H. BREYTENBACH
*Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902,* deel VI: *Die beleg van Mafeking tot met die slag van Bergendal*
Pretoria: Die Staatsdrukker
1996
371pp.
R50,00, posgeld en verpakking ingesluit
ISBN 0-7970-3321-1

Soos duidelik uit die titel blyk, handel die krygsverrigtinge wat in deel VI van dr. J.H. Breytenbach (1917-1994) se magnum opus, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902,* beskryf word, oor gebeure wat strek vanaf die begin van die beleg van Mafikeng (Mafeking) in Oktober 1899 tot en met die slag by Bergendal in Augustus 1900, en oorvleuel dit dus chronologies (en deels ook tematies) met die geskiedenis wat in die eerste vyf dele van hierdie omvangryke studie onder die loep geneem is.

Wyle dr. Breytenbach het sedert 1940 'n intensiewe studie van die Anglo-Boereoorlog gemaak, aanvanklik deeltyds, maar vanaf 1959 voltyds toe hy as staatshistorikus aangestel is met die opdrag om 'n volledige reeks boeke oor die oorlog te skryf. Met onvermoeide ywer het hy die groot volume bronne oor die oorlog in Suid-Afrikaanse argiefbewaarplekke deurgewerk, van amptelike oorlogstelegramme aan Boere- en Britse kant, tot dagboeke en ander egodokumente. Deel I van die Breytenbach-reeks oor die Anglo-Boereoorlog het in 1969 verskyn en het oor die Boere-offensief van Oktober en November 1899 gehandel. Twee jaar later het Deel II die lig gesien, met as tema die eerste Britse offensief (November-Desember 1899). In Deel III (1973) is die stryd in Natal (Januarie en Februarie 1900) beskryf, en in Deel IV (1977) die Boereterugtog uit Kaapland. Hierdie eerste vier dele het dus in 'n redelike kort tydperk verskyn en is almal reeds ten minste een keer herdruk.

Die tema van Deel V van die Breytenbach-reeks (1983) is die Britse opmars tot in Pretoria (Maart-Junie 1900) en sluit dus die Britse inname van beide Boerepublieke se hoofstede in. Na sy aftrede het Breytenbach tuis aan Deel VI bly werk. Die Kommissie van Toesig (bestaande uit dosente van die Universiteit van Pretoria se Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis) het bepaalde aanbevelings ten opsigte van die redigering van die manuskrip gemaak. Die dood van dr. Breytenbach op 3 Januarie 1994 het egter die uitvoering daarvan bemoeilik. Die afronding en tegniese versorging is deur die Staatsargiefdiens behartig. Almal wat betrokke was by die afronding en persklaarmaking van die manuskrip verdien die dank en waardering van die belangstellende navorser en leser,

want al is die reeks steeds onvoltooid, is die verloop van die oorlog tot en met Augustus 1900 darem nou redelik volledig nagevors en beskryf.

Alvorens Breytenbach die verloop van die stryd in Transvaal na die afloop van Britse inname van Pretoria op 5 Junie 1900 kon bespreek, was dit nodig om eers enkele ander krygsoperasies - wat intussen plaasgevind het - aan die orde te stel. Daar word dus in Deel VI aanvanklik na die begin van die oorlog teruggegaan as die verloop van die beleg van Mafikeng (destyds amptelik bekend as Mafeking) tematies-chronologies bespreek word. Vervolgens word in besonderhede aandag geskenk aan die krygsverrigtinge aan die Biggarsbergreeks en die Natalse grens, en genl. Buller se inmars in Suidoos-Transvaal. 'n Hoofstuk word aan die slag by Donkerhoek (11-12 Junie 1900) afgestaan. Verder word ook aandag geskenk aan operasies in lord Roberts se rug (met inbegrip van die gevegte te Lindley, Biddulphsberg en Rooiwal) en die Boereherlewing in Suidoos- en Wes-Transvaal (met inbegrip van die gevegte te Silkaatsnek en Dwarsvlei). Weer eens word gebeure soms in fyn detail beskryf. Die laaste drie hoofstukke in die boek handel oor die gevegsbedrywighede langs en in die omgewing van die Oosterspoorlyn (vanaf Pretoria tot by die grens met Mosambiek), wat uitgeloop het op die uitgerekte slag by Bergendal (waarna soms ook verwys word as die slag by Dalmanutha), 21-27 Augustus 1900, die laaste groot stellingkrygslag van die oorlog. Vir alle praktiese doeleindes was hierdie dan ook die einde van die semi-konvensionele stellingkrygfase van die konflik. Hoewel die guerrillafase streng gesproke reeds op 31 Maart 1900 met die geveg te Sannaspos ingelui is, het die guerrillastryd vanaf September 1900 geleidelik meer momentum gekry. Breytenbach se sesde band sluit dus inderdaad die eerste gedeelte van die oorlog af.

Vir diegene wat meer omtrent die geraadpleegde bronne wil weet, word 'n bronnelys (pp. 347-353) ingesluit; dit is, naas die volledige voetnootverwysings. Ongelukkig het die bronnelys slegs betrekking op die bronne wat by die skryf van Deel VI geraadpleeg is. Dit is jammer dat die moeite nie gedoen is om 'n gekonsolideerde bronnelys vir die hele reeks op te stel nie. Verder is daar ses foto's en ses nuttige kaarte wat die teks aanvul. Soos gebruiklik help die volledige register (pp. 354-371) om die teks vinnig te kan ontsluit.

Breytenbach se Deel VI is wat vorm en inhoud betref in 'n groot mate soos die vorige dele en dit gaan dus ook mank aan die tekortkominge wat al tipies van die reeks publikasies geword het. Dit word onbeskaamd vanuit Afrikanernasionalistiese oogpunt geskryf en het dus steeds subjektiewe trekke, al het die Kommissie van Toesig waarskynlik daarin geslaag om dit veral hierdie keer tot die minimum te beperk. Dit is egter insiggewend dat in die Voorwoord (p. vii) die volgende duidelik gestel word: "Die Kommissie van Toesig, die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie sowel as die Staatsargiefdiens aanvaar geen verantwoordelikheid vir die benadering, styl en wetenskaplike objektiwiteit van die werk nie." Die verrigtinge wat beskryf word, word nie altyd behoorlik in militêr-strategiese perspektief geplaas nie. Die rol van swart mense word ook soms nie voldoende of gebalanseerd belig nie. Kyk in hierdie verband byvoorbeeld hul rol (aan beide kante!) tydens die beleg van Mafikeng.

Deel VI van die Breytenbach-reeks is heelwat korter en dus ook dunner as die vorige dele (371 bladsye teenoor 'n gemiddeld van 543 bladsye vir die vorige vyf bande). In totaal beslaan die Breytenbach-reeks dus meer as 3 000 bladsye, maar dit behandel slegs die eerste tien maande van die oorlog. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die reeks ooit deur iemand anders (of selfs 'n groep skrywers) "voltooi" sal word; met ander woorde dat die krygsverrigtinge tydens die oorblywende 21 maande van stryd (die guerrillafase) net so "volledig" in Afrikaans beskryf sal word. Dit is ironies dat terwyl in die loop van die twintigste eeu reeds talle omvangryke studies oor die Anglo-Boereoorlog in Engels verskyn

het, daar op die vooraand van die honderdjarige herdenking van die stryd nog geen omvangryke dieptestudie (waarin alle beskikbare Nederlandse en Afrikaanse bronne verwerk is) oor die oorlog as geheel in Afrikaans die lig gesien het nie. Al die gebreke ten spyt, bly Breytenbach Deel VI (soos die vorige dele) 'n nuttige en basiese naslaanwerk wat met veel vrug deur navorsers en ander belangstellendes geraadpleeg kan word. Die ideaal is dat hierdie reeks boeke ook in Engels gepubliseer sal word, al is dit dan in verwerkte, verkorte formaat.

André Wessels
*Universiteit van die Oranje-Vrystaat*